



"Waarom het julle sulke slegte gedagtes in julle harte?"

# NUUS Krummels

Gelowiges. Inc.


16 April '26

# Voorbidding



- Doempie Steyn
- Deon Dixon
- Langie Langenhoven
- Esmarie Terblance
- Chris Bester
- Gideon Theart
- Anton le Roux
- Die de Beer familie
- Annaleen Volschenk
- Detlev Traut
- Coenie Baard
- Elaine Berning
- Ella Schneider
- Danie Volschenk
- Sarie Visser
- Gerda de Villiers
- Die Wessels familie - Mia-Miri(6)
- Yvonne Horn
- Miranda Beukes
- Myna en Vollie Volschenk

- Ons hart gaan uit na alle ander siekes en anonieme gebedsversoeke.
- Spesiale voorbidding vir Huis Jan Swart se inwoners en personeel.
- Aan almal wat die afgelope tyd 'n geliefde aan die dood moes afstaan. Ons harte voel saam met julle seer. Ons bid dat God se troos, vrede en liefde julle sal omvou en versterk in hierdie moeilike tyd.
- Bid asseblief vir die haweloses.



1. vir mooi oë:
sien altyd die mooi in ander raak.

2. vir mooi lippe:
spreek altyd bemoedigende lewende woorde.

3. vir 'n gesonde hart:
dink aan alles wat mooi is.

4. vir sterk arms:
dra mekaar se laste

5. vir mooi voete:
loop elke dag saam met GOD!

1Tim4:12_Bediening



Hou aan om plastiekdoppies en brood "tags" te versamel.
Jou bietjie, maak 'n verskil in iemand se lewe.
Laai asb. af by die Kerkkantoor.

Lourensrivier-Strand **Aanbidding en Barmhartigheidsbediening**



## Winterwarm in Julie

*As jy graag jou hande besig wil hou... begin dan solank om Musies, Serpe en Komberse te Hekel/Brei vir ons Winterwarm in Julie Projek*



# EVANGELISM EXPLOSION
## DEEL JOU GELOOF

## Evangelie Getuienis Seminaar

**Prakties! Effektief! Dinamies!**

*'n 'Handige' benadering om vriendskappe te bou, die GOEIE NUUS te deel ...en jou geloofsgemeenskap te help groei...*

Leer verstaan en deel die verlossingsboodskap van Jesus eenvoudig, vrymoedig, kort en kragtig met geliefdes en vriende – maak 'n ewigheidsverskil!

## Lourensrivier NG Kerk

**H/v Broadway Blvd & Da Gamastrate, Strand**

**Saterdag 9 Mei 2026 08.00–13.00**

Semiaarfooi: Persoonlike liefdesoffer, opwindende seminaar-, uitreikmateriaal & versersings

Bevestig asb. jou en vriende se plekke nie later nie as Wo. 6 Mei. by

**Retha 072 510 8808**

Gelowiges en vriende van alle gemeenskappe is hartlik welkom

# Vrae wat die Here vra

**“Waar is jy?”** - sien 19 Maart ‘26
**“Wil jy gesond word?”** / **“Wat soek julle?” -** sien 26 Maart ‘26
**“Waarom maak julle dit vir die vrou moeilik?”** / **“Waarom is julle bang?”**- sien 9 April ‘26

**“Waarom het julle sulke slegte gedagtes in julle harte?”** Ek kry só skaam om te dink dat Jesus net sowel vandag hierdie vraag vir my kon vra. Of as enige iemand met wie ek vandag in aanraking was dit vir my sou vra. Daar was veroordeling, opstandigheid, negatiwiteit, spot, verwensing, ja selfs ’n bietjie haat – en nog ’n hele klomp ander goed in my gedagtes! Matt. 15:19 vul die lysie aan: “Uit die hart kom slegte gedagtes: moord, owerspel, onkuisheid, diefstal, vals getuienis, kwaadpratery ...” Mens sê mos maklik: ek kan dink wat ek wil, solank ek dit nie sê of doen nie.

Die ding is net, as mens eers iets dink, beïnvloed dit jou gesindheid en is dit nou-nou in woorde en kort voor lank word dit dalk net dade. Die Here ken ons gedagtes, vriend. Ons kan dalk ons gedagtes vir mekaar wegsteek, maar nie vir Hom nie. Ps. 139:2 sê hy ken ons gedagtes nog voor dit by ons opkom! Juis hier in Matt. 9:4 sê dit Jesus het gewéét wat die skrifgeleerdes dink, daarom vra Hy vir hulle: “Waarom het julle sulke slegte gedagtes in julle harte?” Dis vir my nogal interessant dat Hy praat van slegte gedagtes wat in hulle “harte” is. Ek sou wou sê die gedagtes is in my kop. Ek dink hierdie wys net weer dat die hart eintlik die plek is waar alles begin – goeie voornemens, vernuwing, drome, verlangens, liefde, die wil om te vergewe begin as ’n gedagte in die hart, maar so ook elke sonde, elke verkeerde begeerte en negatiewe emosie. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor, sê die Bybel. Daarom moet ons ons harte en ons gedagtes bewaak en bewaar.

As ek Jesus se vraag hoor, weet ek dis tyd om my ou gedagtes uit te vee en my hart met nuwe gedagtes te herprogrammeer. “Julle hart en gedagtes moet nuut word”, sê Ef. 4:23. Hier is ’n moontlike 3-punt plan vir daai vernuwing: laat God julle verander deur julle denke te vernuwe (Rom 12:2), neem elke gedagte gevange en maak dit aan Christus gehoorsaam (2 Kor. 10:5), rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is (Kol 3:2).

**“Wil julle nie ook weggaan nie?”** Dis wat Jesus in Joh. 6:67 vir sy dissipels gevra het, nadat ’n klomp van sy volgelinge omgedraai en huis toe gegaan het. Hulle het nie gehou van wat hulle gehoor het nie. Sy lering was nie meer vir hulle opwindend genoeg nie, dit het nie meer voordeel vir hulle ingehou nie, dalk het hulle nie meer genoeg wondertekens gesien of genesings beleef nie, dalk was die nuutjie vir hulle verby. Sy lering het hulle nie “gepaai” en goed laat voel nie, inteendeel, dit het hulle voor keuses gebring, dit het iets van hulle gevra. Jesus het gesê: “Wie My liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan.” (vers 54), “Daar is party van julle wat nie in My glo nie.” (vers 64), “Skrik dit julle af...?” (vers 61) Dit het! En hulle het omgedraai en Hom nie meer gevolg nie. Die wêreld wil ’n “gemaklike” geloof hê wat altyd sin maak, nie moeilike keuses het nie, min eise stel, onmiddellike resultate het en net gladde paaie sonder opdraandes of storms het.

# Vrae wat die Here vra


Het jy al êrens in jou lewe oorweeg om om te draai en nie meer vir Jesus te volg nie? Die feit dat Jesus vir die dissipels (en vir ons) vra: “Wil julle nie ook weggaan nie”, is ’n bewys daarvan dat Hy niemand dwing om Hom te volg nie, dat ons altyd die keuse het of ons Hom aanvaar en volg of nie. Ons het ’n keuse of ons bereid is om Hom ten volle deel te maak van ons bestaan (sy liggaam te eet en sy bloed te drink). Jesus was nie ontsteld omdat sy volgelinge Hom verlaat het nie, Hy het dit verwag. Hy het immers van die begin af geweet dat die poort wat na die lewe lei nou is en die pad daarheen smal en dié wat dit kry is min. (Matt. 7:14) Dié wat Hom enduit volg, is dié wat hulle oog op die ewige waarde van ’n verhouding met Jesus hou en nie op tydelike, selfsugtige, sigbare dinge nie. Dié wat nie omdraai nie is dié wat weet dat daar nêrens anders is om ware vrede te kry nie, wat weet dat Hy die woorde het wat ewige lewe gee.

Ek hoop as Jesus vandag vir ons sou vra: “Wil julle nie ook weggaan nie?”, ek en jy saam met Petrus onomwonde sal antwoord: “Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat ewige lewe gee. En ons glo vas en ons weet dat U die Heilige van God is.” (Joh. 6:69) ~

**“Maar sal die Seun van die mens by sy koms nog geloof op die aarde vind?”** (Luk. 18:8) Sê nou maar Jesus vra vandag vir jou of daar nog geloof in jou hart oor is, wat sou jou antwoord wees? Dalk kan jy sê ek het geglo toe ek ’n kind was, maar nou laat my verstand en geleerdheid nie meer ruimte vir geloof nie. Dalk kan jy sê ek het geglo, maar nadat my kind dood is en ek met kanker gediagnoseer is, kan ek nie meer glo nie. Dalk kan jy sê ek het geglo, maar nou voel die Here vêr, ek twyfel of Hy bestaan en ek kan nie meer bid nie. Dalk kan jy sê ek het geglo, maar nadat ek my werk en my huis en al my goed verloor het twyfel ek of die Here my kan help, my geloof is te min. Dalk kan jy sê ek het geglo, maar die kerk en ander gelowiges het my seergemaak en my geloof vernietig. Of dalk kan jy sê ek het geglo, maar ek het alles wat ek nodig het, ek het hard gewerk, ek is suksesvol, ek het nie meer geloof in ’n onsienlike God nodig nie.

Die Here antwoord ons gebrek aan geloof met nóg ’n vraag: **“Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel?”** (Matt. 14:31) Petrus het Jesus geglo en kon op die water loop, maar toe hy na die storm en die omstandighede rondom hom kyk en sy oë van Jesus afhaal, het hy gesink. Ek herinner myself vanaand daaraan om nie te begin twyfel en soos ’n brander deur die wind heen en weer gedryf word nie, soos wat Jak 1:6 sê. Ek herinner myself om te glo ten spyte van omstandighede, ten spyte van hoe dinge lyk en voel en klink, om te glo in die Here al is dit ten koste van myself, vriendskappe of wat ook al. Onthou geloof is “om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.” (Heb. 11:2) Geloof is die onwrikbare wete en vaste sekerheid dat die Here is wie Hy is en dat Hy kan en sal doen wat Hy sê. “Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon.” (Heb. 11:6) Ek pleit soos die apostels in Luk. 17:5: “Gee ons meer geloof”, of soos die man in Mark 9:24: “Ek glo ... help my in my ongeloof.”

Heuning.co.za ~ Wilna Botha,



Lourensrivier-Strand

# Snuffel MARK




**29/04/'26 @ 11:30 IN THE CHU CH HALL**

**021 853 5991 for more information**




# Rapha
VROUEGROEP

Ons nooi al die Dames hartlik uit om by Rapha Vrouegroep aan te sluit.

Ons kom elke 2de Maandag - aand in die Kerk se Gebedskamer bymekaar om <u>17:30</u>.

Datums vir die 2de Kwartaal:

13 April, 4 Mei, 8 en 22 Junie

Sakel gerus vir Carla Briedenhann - 083 643 0653 of Karin Kuys - 083 643 0653 vir meer inligting




*Kom en geniet 'n koppie Koffie/Tee saam met ons elke Sondag na die Erediens in die ingangsportaal, en gesels met ou bekendes en maak nuwe vriende.*

**KOFFIE = KONNEKSIE**

# “ Ek stel die Here altyddeur voor my ”

Psalm 16:8 AFR53

Sê hierdie woorde 'n paar keer hardop en laat dit in jou gedagtes rondrol: 'Ek stel die Here altyddeur voor my.' Neem tyd om na te dink hoe dit werklik in jou lewe ervaar kan word. Hoe sou dit wees om met God in jou gedagtes wakker te word? Hoe sou dit snags voel as jy bewus is van Hom terwyl jy aan die slaap raak? Hoe sou jou gesprekke met ander mense wees as God as die onsigbare derde party teenwoordig is? Hoe sou werk of skool wees as jy voortdurend bewus van God is en met Hom kommunikeer terwyl jy in jou kantoor of by jou lessenaar sit, sy hulp en leiding vra en nie die las alleen probeer dra nie?

Dit is immers sy belofte aan jou: 'Gee jou kommer oor aan die Here, Hy sal vir jou sorg. Hy sal gelowiges nie teleurstel nie' (Psalm 55:23 NLV). Dink na oor die idee dat die Here 'aan jou regterhand' is. In die Skrif word die regterhand as die hand van krag en die een wat die werk doen, beskou. Dink nou oor hierdie woorde na: 'ek [sal] nie wankel nie'
(Psalm 16:8 AFR53).

Stel jou voor dat jy slegte nuus ontvang of teenstand in die gesig staar; stel jou voor dat 'n belangrike persoon nie van jou hou nie. Stel jou voor dat dit sleg by jou werk gaan - maar dit skud nie jou fondasies nie. Hoekom nie? Omdat God jou bonatuurlike vrede gee.

Is dit die lewe wat jy wil hê? Bid dan: 'God, ek kies hierdie lewe; wys my wat ek moet doen sodat dit so kan wees.'

Sielskos: Jer 51-52; Matt 1:7-17; Ps 56; Spr 10:14-16

Radiokansel: Geskryf deur Bob and Debby Gass



# 16-18 Oktober '26

Save the Date · Save the Date · Save the Date ·

## Gemeente Kamp!



**Almal baie welkom**
**Skakel asb. die kerkkantoor indien jy belangstel om saam te kamp**

**Kampterrein:** Khomeesdrift buite Riviersonderend
**Karavane:** Ja
**Krag:** Nee

---

**Wil jy graag iewers 'n verskil maak?**
**<u>Huis Jan Swart</u> het altyd hulp nodig.**
**Die inwoners benodig gereeld die onderstaande items.**
**Julle is welkom om dit direk by HJS af te lewer of by die Kerkkantoor.**
**Skakel Bernice by die Kerkkantoor vir meer inligting: 021 853 5991**

<u>Inwoners in Gange:</u>
- Seep (verkieslik wit seep)
- Tandepasta
- Tandeborsel
- Roll-on
- Shampoo
- Waslap

HJS
Huis Jan Swart

<u>Sorgafdeling Inwoners:</u>
- Seep (verkieslik wit seep)
- Tandepasta
- Tandeborsel
- Roll-on
- Shampoo
- Waslap
- Lyfpoeier
- Lyfroom (Aquas cream)
- Prep



---

## Die Ruimte Sentrum

in Millsstraat 96,
verkoop weer weekliks **heerlike druiwe**, vars afgelewer vanaf De Doorns.

Vanaf:
Donderdag, 19 Maart 2026.
Koste: R120.00 vir 3.5kg

*Plaas asseblief u bestelling teen Dinsdae17h00 vir afhaalop Donderdae, vanaf 8:30*

*Skakel Marinda / Gerda by 021 - 854 8234*



NGK Lourensrivier - Strand

# FeesMark

## 23 October - 7 November '26

***Het jy al aansoek gedoen om die jaar by ons Mark uit te stal?***

***Ons is opsoek na uitstallers wat Goeie Kwaliteit, Handgemaakte Produkte, asook Unieke Items maak om by ons Mark uit te stal.***

Vir 'n aansoekvorm, stuur gerus 'n e-pos na:
lourensrivierfeesmark@gmail.com of
gaan na ons webblad en laai al die nodige dokumente af



**Keuringsdag 30 Mei**


**Skakel gerus die Kerkkantoor vir meer inligting:**
**021 853 5991**

**Aansoeke sluit 30 Mei**

***Strand Dienssentrumis tans besig met 'n spesiale fondsinsamelingsinisiatief: Adopt a Granny or Grandpa.***

Met hierdie projek wil hulle  uitreik na kwesbare bejaardes in die Strand-omgewing. Die fondse wat ingesamel word, word aangewend om ondersteuning te bied in die vorm van warm etes en basiese versorging – om hoop te bring en verligting te gee in die daaglikse uitdagings wat baie van ons bejaardes ervaar.

Die organisasie beskik oor 'n PBO-nommer, en 'n Artikel 18A-sertifikaat kan uitgereik word vir alle finansiële bydraes.





# Dinamiet Kiedz en Beloftelanders



## PROGRAM

**GRAAD R-7**

| | |
|---|---|
| 12 April | Les 9 |
| 19 April | Les 10 |
| 10 Mei | Kinderdiens (Ds Chris) |
| 17 Mei | Oggend:Begin van Pinster. Les 1 |
| 18 Mei | Maandag - Pinkster - Les 2 |
| 19 Mei | Dinsdag - Pinkster - Les 3 |
| 20 Mei | Woensdag - Pinkster - Les 4 |
| 21 Mei | Donderdag - Pinkster - Les 5 |
| 22 Mei | PINKSTER - Oorslaap met ouers in saal by kerk. |
| 24 Mei | Sondag - Pinkster - Les 6 - afsluiting. |
| 31 Mei | Les 11 |
| 7 Junie | Les 12 - Kwartaal afsluiting. |

**ONTHOU!**

Elke Ssondag, ons kom eers in die kerk bymekaar en sal dan na die saal verdaag

**VIR MEER INLIGTING - SKAKEL GERUS VIR TANIE KARIN**

083 653 0654

# LIFELINE JEUG

Ons nooi elke hoërskool leerder uit om die Sondag aand, 17:30 - 19:00 saam met ons te kom lofprys en in 'n lewende groeiende verhouding met die Here te leef!!

WhatsApp Attie vir meer inligitng:
079 442 2230

*Gien julle almal daar*



Jy kan ook jou **Dankoffer en Bydrae**s vir die gemeente deur die ZAPPER selfoon toepassing gee.

**Bank inligting:**
Lourensrivier Gemeente ABSA (Strand)
Takkode: 334-312
Reknr.: 420 580 231
Verwysing: naam en van
e-pos aan: fin@lourensrivier.co.za

zapper™
pay with
VISA
and many more
www.zapper.com
scan to pay this bill

Kontak die kerkkantoor om in te skakel, of vir meer inligting: 021 853 5991

**RAPHA VROUE**
Elke tweede Maandag.

**SENIOR MANNE**
Woensdae 08:30 voor in kerk

**VROUEGROEP**
Woensdae 09:00 in die gebedskamer

**MANNEGROEP**
Vrydae 05:30 in die Konsistorie

**Kontak ons gerus : 021 853 5991**
Predikant: Ds. Derick Boonzaaier
derick@lourensrivier.co.za

**Admin kantoor-ure**
Maandag: 09:00 - 14:00
Dinsdag - Donderdag: 08:00 -14:00
Vrydag: 08:00 -13:00
Skriba: admin@lourensrivier.co.za

**Finansies kantoor-ure**
Maandag: 09:00 -12:30
Dinsdag - Vrydag: 08:00 -12:30
Finansies: fin@lourensrivier.co.za

**Gemeente-Webblad**
https://lourensrivier.co.za/

**BESOEKERS / NUWE LIDMATE**
In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken.

As jy 'n **GEBEDSVERSOEK, of 'n HUISSBESOEK VERLANG,** vul dit ook in die boekie in.
Of stuur jou navraag/versoek na admin@lourensrivier.co.za
Kontak Ds. Derick direk vir enig besoeke of afsprake 082 333 6012

Stoor (save) asb. die nommer op jou selfoon - anders kan jy dalk nie die boodskappe kry nie
***Lourensrivier-WhatsApp Groep***
Stuur 'n WhatsApp met jou naam na
Ds. Derick: 082 333 6012 of
Lémari: 082 692 9086
as jy op die kerk se WhatsApp groep wil wees.

Lourensrivier-Strand

# ONDERSTEUN asb. PLAASLIK voordat daar niks meer PLAASLIK is om te ondersteun nie.

Shop Local


MSA
MARIUS STENEKAMP
ATTORNEYS

Unit 2, Little Greece
George Str, Strand
P.O. Box 1170, Strand, 7139
Tel: 021 837 1235/6
Fax: 086 274 2003
Cell: 084 448 4429
marius@stenekamp.co.za
www.stenekamp.co.za

SECURE SE
www.securese.co.za
Secure SE
FIRM. FIXED. SAFE
Secure SE Pty Ltd
Reg.no. 2019/270620/07 | PSIRA no. 4606196
stephan@securese.co.za
084 499 5858
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

www.camlivevision.co.za
CAM LIVE VISION
FOR ALL YOUR MONITORING AND SECURITY NEEDS
Cam Live Vistion Pty Ltd
Reg.no. 2010/003490/07 | PSIRA no. 2185751
info@camlivevision.co.za
021 851 6023
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

Blue Crane Funerals
For all your funeral arrangements.
Vir al jou begrafnis reëlings.
TEL: (021) 853 3952
10 Gordons Bay Road, Strand
info@bluecranefunerals.co.za
www.bluecranefunerals.co.za

www.volantraorbital.co.za
VOLANTRA ORBITAL
VOLANTRA ORBITAL
The power to protect
Volantra Orbital Pty Ltd
Reg.no. 2014/183888/07 | PSIRA no. 2707006
info@volantra.co.za
021 851 6023
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

Flaméros®
CHICKEN GRILL
187 Main Road, Strand
021 854 7774

FTH ACCOUNTANTS
The name you can ACCOUNT on
Floris Ter Haar
Professional Accountant (SA)
SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF PROFESSIONAL ACCOUNTANTS
Tel: 021 853 4266
Cell: 082 741 7076
Fax: 088 021 854 5741
E-mail: floris@fthacc.co.za
20 Conradie Street
Strand, 7140
Skype: fterhaar

HELDERBERG
HBP
BUILD & PAINT
CHAPPIE JACKSON (STUART)
info@hbp-group.co.za • 082 872 6830
www.hbp-group.co.za

Het jy hulp nodig om finansiële sekerheid te kry?





Willie Fourie
Senior Finansiële Beplanner
021 853 2179
082 468 1099
admin@arcani.co.za

Ek kan jou behulpsaam wees met:
- Finansiële beplanning
- Lewensdekking
- Ongeskiktheidsdekking
- Spaar en beleggings
- Aftreebeplanning
- Spaar vir opvoeding

Sanlam Lewensversekering Beperk is ŉ gelisensieerde lewensversekeraar, ŉ gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en ŉ geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP43).
Sanlam
Lewe met sekerheid